

DISSIPELSKAP

LES 30

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> EKSODUS 4:1 – 7:13
---	---

Maak beurte en deel (of lees) kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Eksodus 4:1 – 7:13). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy sê nie.

3	MEMORISERING (20 minute) <i>[DIE EVANGELIE]</i> DIE VERSOENING VAN SONDE. ROMEINE 5:8
---	--

A. MEDITASIE (oor 'n Bybelgedeelte)

Lees Romeine 5:6-10. “Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe. 'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe. Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was. Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word. Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, nou dat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word.”

Skryf die memoriseringsvers as volg op die bord. Skryf die teksverwysing ook aan die onderkant en agterkant van jou memoriseringskaartjie.

(3)

Die versoening van sonde Romeine 5:8
Maar God bewys sy liefde vir ons hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.
Romeine 5:8

Romeine 5:8

1. Die liefde van God.

Hoe het God ons lief? God het ons lief, nie net met woorde nie, maar met die daad. In Romeine 5:8 bring God die grootste offer moontlik. God neem die menslike natuur aan in Jesus Christus en Jesus Christus gee sy lewe in ons plek! God gee Homself in Jesus Christus as 'n soenoffer vir sondes.

2. Die dood van Jesus Christus.

Watter soort dood het Jesus gesterf?

(1) Jesus het gesterf vir die sonde van andere.

Die dood is die gevolg vir mense van hulle eie sonde (Romeine 6:23a). Maar Jesus was sondeloos (Hebreërs 4:15). Hy het gesterf vir die sondes van die wêreld. Johannes 1:29 sê, “Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!”

(2) Die dood van Jesus was God se straf vir ons sonde.

Jesus Christus het nie 'n natuurlike dood gesterf nie. Hy't niet omgekom deur 'n ongeluk nie. Hy is ook nie skielik vermoor nie. Maar Hy het gesterf as 'n straf vir die sonde. Hy het volkome vrywillig gesterf deur Homself op te offer en die straf vir die sonde te betaal (Johannes 10:18).

- Jesus is deur die menslike wet veroordeel tot die dood.

Die Jode het Jesus tot die dood veroordeel sonder enige bewys van skuld. Die proses voor die Joodse Raad (die Sanhedrin) was 'n skynproses met valse getuies. Ook die proses voor die Romeinse goewerneur was 'n skynproses. Die

regter, Pontius Pilatus, het 'n paar keer die onskuld van Jesus Christus verklaar, maar het Hom nogtans om politieke redes tot die dood veroordeel. Hy was bang dat die Jode hom by die keiser in Rome sou aankla sodat hy sy posisie as goewerneur in Palestina sou verloor. Omdat die Jode en die heidene 'n volkome onskuldige tot die dood veroordeel het, het hulle hulself en die menslike regstelsel soos hulle dit toegepas het veroordeel.

- Jesus is deur die goddelike Wet veroordeel tot die dood.

Ook God het Jesus Christus tot die dood veroordeel vir die sondes van die hele wêreld. Deur sy dood het Jesus Christus 'n soenoffer vir sondes geword. Deur sy soenoffer het Jesus Christus die sondes van die mens en die heilige en regverdige toorn van God teen die sondes van die mens weggeneem. “Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra” (1 Petrus 2:24). Deur geloof in Jesus Christus en sy soenoffer het Hy die gebroke verhouding van die mens met God herstel. “Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring” (1 Petrus 3:18).

(3) Jesus het gesterf deur kruisiging.

Dis merkwaardig dat Jesus nie gesterf het deur onthoofding of steniging nie, maar deur kruisiging! Kruisiging was nie 'n Joodse vorm van straf nie, maar 'n Romeinse vorm van straf. Dit was so eerloos beskou dat dit nooit op Romeinse burgers toegepas is nie, maar alleen op die uitvaagsels onder mense, m.a.w. op verskriklike kriminele en slawe. Deur aan 'n kruishout te hang, het Jesus Christus aan die uiterste streng eise van die menslike wet en tegelyk aan die uiterste streng eis van God se Wet voldoen. Hy het gesterf as iemand wat deur die mense en deur God vervloek is. “Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die Wet¹ is vervloek, want daar staan geskrywe: ‘Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie’” (Galasiërs 3:10). “Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is” (Galasiërs 3:13). Jesus Christus het ons vrygekoop van die vloek van die Wet deur vir ons en in ons plek 'n vloek te word.

(4) Jesus is nie in sy dood deur God verlaat nie.

Alle mense moet sterwe omdat hulle sondaars is. “Die loon wat die sonde gee is die dood” (Romeine 6:23). Maar Jesus was sondeloos (Hebreeërs 4:15). “Die dood” bestaan uit die skeiding tussen liggaam en gees: “die liggaam” breek op in die elemente van die aarde (stof) en “die gees” van 'n gelowige keer terug na God wat dit gegee het (Prediker 12:7).

“Die ewige dood” bestaan daarin dat God die mens vir altyd verlaat (Matteus 25:46; 2 Tessalonisense 1:8-9; Openbaring 21:8). Op Sy sterfdag (Vrydag) is Jesus Christus vir 'n aantal ure deur God verlaat as 'n straf vir ons sondes (Matteus 27:46), maar by sy sterwe en in sy dood was Jesus Christus nie meer deur God verlaat nie. By sy liggaamlike dood het God niet sy liefde van Jesus Christus onttrek nie. By sy liggaamlike dood was Jesus Christus nie wanhopig nie, maar bid en sê, “Vader, in U hande gee Ek My gees oor” (Lukas 23:46). Terwyl sy menslike liggaam tydens 'n deel van drie dae in die graf gelê het, was sy menslike gees in die hande van God die Vader. Ook in sy liggaamlike dood bly sy goddelike natuur verenig met sy menslike natuur, omdat Hy daarna deur sy eie goddelike krag uit die dood opgestaan het (Johannes 10:17-18).

3. Die betekenis van die dood van Jesus Christus.

Wat was die resultate van die dood van Jesus Christus?

(1) Christus het gesterf om versoening vir sondes te doen (1 Petrus 2:24; 1 Johannes 4:10).

Die 100% heilige en regverdige God eis dat alle mense ook 100% heilig en regverdig moet wees en dat alle sondes van mense 100% gestraf moet word. As God sy regseis nie sou handhaaf nie, sou Hy nie meer heilig en regverdig wees nie!

Die dood van Jesus Christus was 'n soenoffer vir ons sondes. Deur sy soenoffer het Jesus Christus voldoen aan God se heilige en regverdige regseis en het Hy God se regverdige toorn teen sondaars verwyder. “Die kruis” is die enigste plek in die geskiedenis waar God se regverdigheid (om alle sondes te straf) en God se liefde (om sondaars te verlos) met mekaar versoen geword het! Die soenoffer van Jesus Christus het alle voorafgaande diereoffers in die tempel van Jerusalem en in die heidense godsdienste beëindig. Van die kruisiging van Jesus Christus af, is alle diereoffers en alle menslike handelinge as offerande volkome nuttelos. Dit is gesimboliseer deur die skeur van die voorhangsel in die tempel (Matteus 27:51). Van toe af het elkeen wat glo in die dood (soenoffer) en opstanding van Jesus Christus *in sy plek* direk en volledig toegang tot God deur die Heilige Gees (Efesiërs 2:18).

(2) Christus het gesterf om die sondaar in God se oë te regverdig (1 Petrus 3:18a; Romeine 5:8-9).

“Regverdiging” is 'n juridiese term wat beteken dat God die gelowige in sy oë volkome regverdig (vergewe, onskuldig, in die regte verhouding met God) verklaar en hom voortaan as volkome regverdig bly beskou en behandel. God het die gelowige vergewe en vrygespreek van die ewige verdoemenis. Voortaan sien Hy die gelowige net “in Christus Jesus” (Kolossense 1:2). Jesus Christus is die “vryspraak, heiliging en verlossing” van die gelowige (1 Korintiërs 1:30).

Die dood van Jesus Christus *in jou plek* is die enigste manier om met God versoen te word!

¹ Hebreeus: Tora, Grieks: nomos, Arabies: sharia.

B. MEMORISERING EN HERHALING/REPETITIE

1. Skryf.

Skryf die Bybelvers op 'n kaartjie of op 'n bladsy van 'n notaboekie.

2. Leer.

Leer die Bybelvers op die korrekte manier uit jou kop. (3) Die versoening van sonde. Romeine 5:8.

3. Repeteer.

Verdeel in groepies van twee en gaan mekaar se laaste gememoriseerde Bybelvers na.

4	BYBELSTUDIE (70 minute) [GEMEENTE / KERK] DIE SENDINGTAAK VAN DIE GEMEENTE. MATTEUS 28:16-20
---	---

Maak gebruik van die vyf stappe metode en doen saam Bybelstudie uit Matteus 28:16-20.

STAP 1. LEES.

GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Matteus 28:16-20 saam bestudeer.

Laat elke groeplid 'n beurt kry om één vers uit die Bybelgedeelte voor te lees.

STAP 2. ONTDEK.

WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

OF: WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART/GEVOEL?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in die Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes in jou Bybelstudienotaboekie.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute geleentheid gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte maak om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings as hierdie maak.

28:18-19

Ontdekking 1. Die gesag wat saam met die opdrag kom.

In vers 18 maak Jesus aanspraak daarop dat alle gesag (mag) in die hemel en op aarde aan Hom gegee is. Dit beteken dat daar geen gesag of mag in die heelal of op die aarde is wat groter is as die gesag en mag van Jesus Christus nie! Jesus Christus het gesag en mag oor elke natuurlike (menslike) en bonatuurlike (demoniese) gesag en mag in die heelal. Jesus Christus het deur sy dood en opstanding die duiwel gebind sodat hy nie meer die evangelie van die volke af kan weghou nie.

Dus, wanneer Jesus Christus die groot opdrag aan Christene gee om mense van alle volke sy dissipels te maak, dan is hierdie opdrag nie te moeilik nie, maar uitvoerbaar. Dis net moeilik en onuitvoerbaar as ek met my eie gesag en krag bly vertrou. Jesus Christus gee net 'n opdrag as Hy ook die moontlikheid gegee het om dit uit te voer. Daarom gee Hy in vers 18 eers die moontlikheid vir sy opdrag aan en dan in vers 19 die opdrag self. Jesus Christus gee 'n Christen nooit 'n taak sonder die moontlikheid om die taak te kan uitvoer nie! Hy gee 'n Christen die gesag, die krag en die wysheid om die taak uit te voer. Dit doen Hy omdat alle gesag en mag aan Hom gegee is.

28:19-20

Ontdekking 2. Die belofte wat saam met die taak kom.

In vers 19 beveel Jesus Christus 'n Christen om betrokke te raak in die grootste en belangrikste taak vir mense in die wêreldgeskiedenis. Hy wil hê dat alle Christene onder mense uit alle volke dissipels vir Hom maak. Dit is die sendingtaak van die Gemeente (Kerk) en van elke Christen. Hy stuur Christene nooit alleen met die opdrag uit nie, want in vers 20 beloof Hy om elke dag saam met hulle te wees tot met sy wederkoms! Jesus Christus gee hulle nooit 'n taak sonder om met hulle te wees in die uitvoering van hierdie taak nie! Dit doen Hy omdat Hy uit die dood opgestaan het en leef!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer so veel as moontlik waarhede in Matteus 28:16-20 begryp en vrae te stel oor wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle in die kring beurte maak om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel as moontlik van hierdie vrae met mekaar.
Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

28:18

Vraag 1. Was daar ooit 'n tyd dat Jesus Christus nie alle gesag en mag gehad het nie?

Aantekeninge.

(1) Die gesag van Jesus Christus voor sy menswording.

Voor sy menswording het Jesus Christus al alle gesag en mag in die heelal en op die aarde gehad, omdat Hy die heelal en die aarde geskep het (Johannes 1:3). Al die sigbare en onsigbare dinge is deur Hom en vir Hom geskep. Hy het voor alles bestaan en alles bestaan in Hom (Kolossense 1:16-17). Ook onderhou Hy alles (Hebreeërs 1:3). Jesus Christus het die goddelike heerlikheid (bestaanswyse) besit voordat die wêreld bestaan het (Johannes 17:5).

(2) Die gesag van Jesus Christus by Sy menswording.

Al het Jesus Christus die gestalte van God besit en was Hy aan God gelyk, het Hy Homself ontleedig (het Hy daarvan afstand gedoen) deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word (Filippense 2:6-8). Tydens sy lewe op aarde het Hy nie sy goddelike natuur (bestaanswyse) afgelê nie, want "In Hom is die volle wese van God beliggaam" (Kolossense 1:19; Kolossense 2:9). Hy het gekies om nie sy onbeperkte goddelike mag ten toon te stel nie, omdat Hy gekies het om vir die sondes van die mens te sterwe. "Of dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie? Hy sal dadelik vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel. Maar hoe sal die Skrif dan vervul word wat sê hoe die dinge moet gebeur?" (Matteus 26:53-54) (d.w.s. die Skrifte het geprofeteer dat Jesus Christus moes sterwe, Jesaja 53:5; Lukas 24:44). Tydens sy lewe op aarde het Hy 'n vinnige kykie gegee van sy almag deur duiwels uit te dryf, siekes te genees, dooies op te wek en natuurkragte te beheer (Matteus 11:5).

(3) Die gesag van Jesus Christus na sy dood, opstanding en hemelvaart.

Na sy hemelvaart het Jesus Christus gaan sit aan die regterhand van God die Vader, die posisie van eer en die uitvoerende mag. Alle gesag en mag in die hemel en op aarde is aan Hom gegee as beloning vir die verlossingswerk wat Hy volbring het.

- In Daniël 7:13-14 lees ons, "My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese. Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring. Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie" (vgl. Jesaja 9:7).
- In Openbaring 5:1-14 ontvang Jesus Christus uit die hand van God die Vader die boekrol wat aan beide kante beskrywe was en met sewe seëls verseël was, omdat alleen Hy die gesag en mag het om die seëls te breek. Dis 'n teken dat alleen Jesus Christus die gesag en mag het om die inhoud van die boekrol te openbaar en uit te voer. Die inhoud bestaan uit die belangrikste beginsels wat in werking is vanaf die tyd dat Jesus Christus as Oorwinnaar uitgetrek het om te oorwin (Openbaring 6:2) tot by die laaste oordeel (Openbaring 6:12-17), d.w.s., van sy eerste koms tot met sy wederkoms.
- In Openbaring 20:3 lees ons dat 'n engel die satan vir 'n simboliese periode van 1000 jaar bind "sodat hy nie meer die nasies kan verlei voordat die duisend jaar om is nie". Omdat alle gesag en mag aan Jesus Christus behoort, word die evangelie aan alle volke verkondig en kom mense uit alle volke tot bekering (vgl. Kolossense 1:13). Gedurende die tyd tussen sy eerste koms en sy wederkoms is Jesus Christus besig om mense uit elke nasie, stam en taal te red!
- En in Filippense 2:9-11 lees ons, "Daarom (op grond van wat vertel is in verse 6-8 wat Hy gedoen het) het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader."

(4) Die gesag van Jesus Christus by sy wederkoms.

Die wederkoms van Jesus Christus word in Matteus hoofstukke 13,24 en 25 beskrywe. Daaruit is dit duidelik dat sy gesag en mag by sy wederkoms vir alle mense op aarde sigbaar sal wees, veral as gekyk word na die volgende geweldige gebeurtenisse:

- Die redding van 'n ontelbare menigte mense in die wêreldgeskiedenis (Openbaring 7:9)
- Die kragte in die hemelruim sal ontwig word (Matteus 24:29)
- Sy wederkoms met 'n leëmag van engele (Matteus 24:30)
- Sy oorwinning in die laaste oorlog (Openbaring 19:11-21)
- Die opstanding van die dooies (Johannes 5:28-29)
- Die laaste oordeel van alle mense (Matteus 25:31-46)
- Die vernuwung van die aarde en heelal (2 Petrus 3:10-13).

Jesus Christus sal saam met God die Vader oor die ewige Koninkryk op die nuwe aarde regeer (2 Petrus 1:11; Openbaring 22:1).

28:19

Vraag 2. Wat is die verhouding tussen die vyf werkwoorde?

Aantekeninge. Die bevel van Jesus Christus is, “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matteüs 28:19-20).

Die woord “dan” is belangrik. Dit verbind die bevel in vers 19 en 20 met vers 18, waaruit duidelik blyk dat Christene ook die bevel kan uitvoer. Daar kan dissipels van Jesus Christus gemaak word en sal onder alle volke in die wêreld dissipels gemaak word! Sonder sy gesag (vers 18) en teenwoordigheid (vers 20) sou die groot opdrag nie uitgevoer kan word nie! Maar nou met sy almag en sy voortdurende teenwoordigheid kán en sál dit uitgevoer word!

Die vyf werkwoorde is: “gaan”, “maak dissipel (leerlinge)”, “doop”, “leer” en “onderhou”. Die hoofwerkwoord is “maak dissipels”. Dit is ’n bevel en is voortdurend van toepassing! Die eerste dissipels van Jesus Christus moet tussen sy eerste koms en wederkoms oral in die wêreld meer dissipels van Jesus maak! Die drie werkwoorde: “gaan”, “doop” en “leer” is afhanklik van die werkwoord “maak dissipels” en is ook bevele. Die maak van dissipels van Jesus Christus vereis ’n bepaalde prosedure. Die dissipels van Jesus Christus moet nie wag dat mense na hulle toe kom nie, maar die dissipels moet die inisiatief neem en na die mense van alle volke toe gaan. Hulle moet aan hulle die evangelie verkondig, hulle oproep om hulle te bekeer en die evangelie te glo, hulle moet gedoop word in die naam van die Één God met drie bestaanswyses en dan toegerus word om dissipels van Jesus Christus te word.

28:19

Vraag 3. Wat is ’n dissipel van Jesus Christus?

Aantekeninge. ’n Dissipel van Jesus Christus is meer as ’n bekeerling. ’n Dissipel is ’n volgeling van Jesus Christus en van Jesus Christus terwyl hy Hom volg. Christus het sy verstand, hart en wil vir Hom gewen. En Jesus Christus Self benoem die spesifieke kenmerke van ’n dissipel, wat ons in handleiding 2, les 23 bestudeer het.

Dit is die opdrag aan alle christene om volwasse, funksionerende en volhardende christene van Jesus Christus in alle volke te maak. Die onderrig of kategetiese moet daarop gerig wees om dissipels van Jesus Christus (volwasse, funksionerende en volhardende Christene) te maak, en nie om lede van ’n kerkgenootskap te maak nie.

28:19

Vraag 4. Onder watter volke moet dissipels gemaak word?

Aantekeninge. ’n Volk in die Bybel is nie maar net die inwoners van ’n bepaalde land nie. Vandag is lande so groot dat hulle verskeie volke insluit.

In die Bybel is ’n “volk (Grieks: ethné) ’n groep mense met bepaalde gewoontes wat hulle ’n eenheidsbesef gee. Die mense in ’n volk het ’n gemeenskaplike verwantskap met mekaar en deel ’n gemeenskaplike leefwyse. Gewoonlik word ’n volk gekenmerk deur ’n gemeenskaplike taal, oorsprong en geskiedenis. Maar ’n volk kan ook gekenmerk word deur ’n gemeenskaplike beroep en ekonomiese status, soos boere, fabrieksarbeiders, restaurantwerkers, taxibestuurders, universiteitstudente, ens. ’n Volk kan ook gekenmerk word deur ’n gemeenskaplike geografiese blyplek of ’n gemeenskaplike godsdienst.

Vandag het die meeste lande verskillende volke wat binne hulle grense woon. Christene moet van elkeen van hierdie “volksgroepe” Christene oftewel dissipels van Jesus Christus maak.

28:19

Vraag 5. Waarom word Christene met water gedoop?

Aantekeninge. Die doop met water is die sigbare teken en seël van die doop met die Heilige Gees (Handelinge 10:47-48). Die doop met die Heilige Gees is die verantwoordelikheid van Jesus Christus en van geen mens (biskop, dominee, pastoor of voorganger) nie (Matteus 3:11-12). Maar die doop met water is die verantwoordelikheid van die dissipels van Jesus Christus (volwasse, funksionerende en volhardende Christene) (Matteus 28:19). Die doop met water is ’n bevel en instelling van Jesus Christus Self. Mense wat die evangelie gehoor het en glo, is gedoop met die Heilige Gees (Johannes 1:12-13; Handelinge 19:2; 1 Korintiërs 12:13; Efesiërs 1:13), d.w.s. is “weergebore” deur die Heilige Gees (Johannes 3:3-8; Titus 3:4-8). Hulle behoort met water gedoop te word as sigbare teken en seël van God dat hulle gedoop is met die Heilige Gees. Die doop met water vereis “bekering” en “die aanvaarding van die Woord” (Handelinge 2:38-41). Maar bekering en die aanvaarding van Gods Woord moet in opregtheid gebeur. Die doop met water moet in opregtheid gebeur. Die bestemming van iemand wat Christen wil word of gedoop wil word uit valse en verborge motiewe en oorwegings (bv. omdat hy die status van asielsoeker of ’n verblyfsvergunning wil verkry) is “die vuur” (Hebreeërs 6:4-8). Hulle leuenagtige lewe lei na die hel (Openbaring 21:8). “Die hart (van ’n mens) is bedriegliker as enigiets anders,

hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan? Ek, die Here, deurgrond en toets hart en verstand. Ek laat die mens kry wat hy verdien, wat hom toekom vir wat hy doen” (Jeremia 17:9-10).

Die christelike doop met water is die teken wat Jesus Christus aan die Gemeente (Kerk) gegee het wat verseël dat God die Vader die gelowige in sy familie (volk, gemeente) aanvaar het; dat Jesus Christus hom of haar vrygekoop het; en die Heilige Gees in hom of haar kom woon het en hom of haar heilig. Dit is ’n uiterlike **teken** van die innerlike werk van die Heilige Gees in die gelowige wat in die Bybel “die doop met die Heilige Gees” (Markus 1:8; 1 Korintiërs 12:13) of “wedergeboorte (wat die sonde afwas en nuwe lewe gee)” (Titus 3:5) genoem word.

Die christelike doop met water is ook ’n uiterlike **seël** van die innerlike versekering en bevestiging van die Heilige Gees (Romeine 8:15-16; 2 Korintiërs 1:21-22; Efesiërs 1:13-14) dat al die sondes van die gelowige vergewe is (Handelinge 2:38; Handelinge 22:16), d.w.s. dat die gelowige 100% regverdig is in Gods oë (Romeine 6:3,7), dat hy of sy nou tot Gods verbondsvolk behoort (Galasiërs 3:26-29; 1 Petrus 2:9-10) en dat God sal voltooi wat Hy begin het (Johannes 17:12; Filippense 1:6).

Die christelike doop met water is ook ’n **toewyding** van die gelowige dat hy of sy met die sondige wêreld gebreek het (Romeine 6:3,6,13,19), dat hy of sy in ’n lewende verhouding met die Drie-enige God van die Bybel gebring is en ’n dissipel van Jesus Christus geword het (Matteus 28:19-20).

28:20

Vraag 6. Hoekom word nuwe christene geleer om te gehoorsaam?

Aantekeninge. Die dissipels moet al hierdie nuwe christene in die volke van die wêreld leer om die geboorte van Jesus Christus te gehoorsaam. Omdat die onderrig van Jesus Christus hulle ware betekenis kry in die konteks van die hele Bybel, moet sy dissipels **die hele raadsbesluit (wil) van God**² in die Bybel aan hierdie nuwe Christene leer. In Handelinge 20:27 sê Paulus, “Ek het nie nagelaat om aan julle die hele raad van God te verkondig nie.”

Maar Jesus Christus het sy dissipels nie alleen beveel om die waarhede van Gods wil te verkondig nie, maar die nuwe Christene ook te leer om hierdie waarhede in die Bybel te gehoorsaam! Ware dissipels van Jesus Christus word gekenmerk deur gehoorsaamheid aan die geboorte van Jesus Christus. Die waarhede moet beoefen word. Hulle denke, hart en wil moet die waarhede omhels sodat hulle altyd in hierdie waarhede bly lewe. Volgens Matteus 7:21,24 en Filippense 4:9 is kennis en gehoorsaamheid onafskeibaar.

28:19

Vraag 7. Is dit die bedoeling van Jesus Christus dat alle Christene dissipels van Hom moet word?

Aantekeninge. Ja. Om net in Jesus Christus te glo, maar Hom nie te volg en nie te gehoorsaam nie, is vir Jesus onaantvaarbaar. Jesus Christus verwag dat elke christen in Hom glo, Hom volg, van Hom leer en die kenmerke van ’n ware dissipel ontwikkel. Dus, Hy verwag dat elke Christen in Hom glo en Hom gehoorsaam!

28:19

Vraag 8. Word alle Christene in die wêreld wel dissipels van Jesus Christus?

Aantekeninge. Nee. Al tydens die lewe van Jesus op aarde het ’n hele aantal dissipels opgehou om Hom te volg, want hulle het sy onderrig te onverteerbaar gevind (Johannes 6:66). Nie elkeen wat met sy mond Jesus Christus as “Here” bely sal in die Koninkryk van God ingaan nie. Jesus Christus sê dat Hy hulle nie ken nie (d.w.s. geen persoonlike verhouding met Hom het nie) (Matteus 7:21). En in die gelykenis van die bruilofsfees sal nie elkeen wat wil, kan ingaan nie, omdat hy nie aan die vereistes voldoen nie. Mense wat hulle nie met Jesus Christus beklee het nie, sal in die laaste oordeel in die buitenste duisternis gegooi word (Matteus 22:11-14; Romeine 13:14)!

² **Die hele raadsbesluit van God** bestaan nie maar uit geselekteerde leerstellings van ’n bepaalde kerkgenootskap nie, maar bestaan uit alles wat die Bybel leer. Bv. in **die Ou Testament**: die Bybel is Gods geïnspireerde openbaring, die skepping, die sondeval, die verlossing, die openbaring van God in sy woorde en handeling in die geskiedenis, die verbond, wandel in geloof, vergewing, die wet en genade, die geskiedenisboeke, die teokrasie, die digterlike boeke, die profetiese boeke, Israel en die koninkryke in die wêreld.

In **die Nuwe Testament**: die lewe van Jesus Christus, die dood van Jesus Christus, die opstanding van Jesus Christus, die hemelvaart en heerskappy van Jesus Christus, die koninkryk van God, die gemeente (kerk), geestelike groei, dissipels van Jesus Christus, arbeiders in God se koninkryk, leiers in God se koninkryk, verhoudinge tussen mense, die geestelike stryd, die Persoon en funksies van die Heilige Gees, die gawes van die Heilige Gees en die take van ’n Christen, en die wederkoms van Jesus Christus.

Dan is daar allerlei **praktiese lesse**: stiltetyd, christelike sekerhede, prioriteite, Gods leiding, Bybelstudie, Bybel uitleg (hermeneutiek), Bybel memorisasie, Bybel toepas, gebed as reaksie op God se Woord, gebed as voorbede, die Bybel gebruik in jou gebede, die christelike gemeenskap, getuig, evangelisasie, diensbetoon, (geld, tyd, inset/toewyding) gee, leiding gee, selfbeeld, heiligmaking en lewensstyl.

Kyk op die Internet na www.deltacursus.nl (Nederlands) of www.deltacouse.org (Engels). Bogenoemde is ’n uitdaging vir moderne kategorieë.

28:19

Vraag 9. Sou alle Christene in die gemeente betrokke moet wees by die maak van dissipels?

Aantekeninge. Ja. In Matteus 28 gee Jesus die groot opdrag aan sy elf dissipels. Hulle moet dissipels van Jesus maak onder alle volke. Hulle maak dissipels deur hulle te leer om al de gebooe van Jesus te onderhou. Eén van die gebooe van Jesus Christus is, “Gaan en maak dissipels van alle volke!” Daarom is die groot opdrag om dissipels van alle volke te maak ’n opdrag van Jesus Christus aan alle Christene in die wêreld! Elke Christen moet eers self ’n dissipel van Jesus Christus word en dan andere help om dissipels van Jesus Christus te word! Hierdie opdrag staan bo aan die lys van opdragte van alle plaaslike gemeentes! Gemeentelede moet ook dissipels maak van mense buite hulle plaaslike gemeente. Geen priester, dominee, pastoor of voorganger mag aan hierdie opdrag van Jesus Christus ongehoorsaam bly nie!

28:20

Vraag 10. Wat het Jesus aan Christene beloof wat dissipels maak?

Aantekeninge. Jesus Christus het beloof, “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (Matteus 28:20). Dit beteken dat ons dit moet bly onthou. Jesus Christus het sy dissipels aangespoor om steeds te dink aan die werklikheid dat Jesus Christus elke dag van vroeg tot laat by hulle aanwesig is! Die klem val op dae wat op mekaar volg. Elke dag sal wel sy eie probleme en moeilikhede hê, maar die dissipels moenie twyfel oor sy daadwerklike teenwoordigheid nie! So sal dit voortgaan tot by die wederkoms van Christus, wanneer Christus hierdie bedeling tot ’n einde bring en die bedeling van die nuwe hemel en die nuwe aarde inlei. Jesus Christus het aan sy dissipels beloof dat elke dag dat hulle dissipels van alle volke maak, Hy Self in hulle bediening aanwesig sal wees! Watter Christen begeer dit nie? Jesus sal met hulle wees met sy liefde, wysheid en krag. Met die liefde van Jesus Christus sal sy dissipels mense kan liefhê wat deur haat platgeslaan is. Met die wysheid van Jesus Christus sal sy dissipels wyse en praktiese besluite in hierdie komplekse wêreld kan neem. Met die krag van Jesus Christus sal sy dissipels die kwaad in hierdie wêreld kan oorwin.

28:18-20

Vraag 11. M.a.w., wat is die sending opdrag van die gemeente?

Aantekeninge. Die sendingtaak en -opdrag van elke gemeente word in Matteus 28:18-20 gegee. Elke gemeente moet na mense toe gaan, ook na mense met ’n ander taal en kultuur, ekonomiese en sosiale struktuur en hulle dissipels van Jesus maak. Hierdie sendingtaak is moontlik, omdat Jesus Christus Self met al sy gesag en mag aanwesig is!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel dit en skryf dit neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en maak ’n kort lysie van moontlike toepassings uit Matteus 28:16-20.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET MAAK?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, is daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Matteus 28:16-20.

- 28:18. Moet nooit bang wees vir ander mense of ander omstandighede nie, omdat Jesus Christus alle gesag en mag op aarde het.
- 28:18. Glo dat ook jy hierdie taak kan uitvoer, omdat Hy jou die gesag en krag gee.
- 28:19. Neem die inisiatief en maak dissipels van ander mense, veral van mense wat die evangelie nog nie gehoor het nie.
- 28:19. Leer nuwe Christene die belangrike waarhede van die Bybel en leer hulle ook hierdie waarhede te gehoorsaam.
- 28:20. Moet nooit vergeet dat Jesus Christus Self met sy liefde, wysheid en krag in jou bediening aanwesig is nie.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Matteus 28:16-20.

Ek wil die inisiatief neem en na mense toe gaan wat nog nooit die evangelie gehoor het nie; veral mense uit ander godsdienste van die wêreld. My doel is dat hulle ook dissipels van Jesus Christus sal word.

Ek wil voortgaan om ’n aantal jongmense te leer om die waarhede van Jesus Christus in die Bybel te gehoorsaam. Elke week gaan ons uit om ander mense (kinders, jongmense en volwassenes) te vertel van Jesus Christus. So leer hierdie jongmense om Christus te gehoorsaam.

STAP 5. BID.**REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Matteus 28:16-20.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5	GEBED (8 minute)	[VOORBIDDING] BID VIR ANDERE
---	------------------	---------------------------------

As daar tyd is gaan voort met gebed in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit, of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer Bybelstudie van Matteus 28:16-20 met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Eksodus 7:14 – 10:29. Maak gebruik van jou uitgekose Bybelvers of gunstelingwaarheid metode.
3. Memorisering. Oordink en leer uit jou kop. (3) Die versoening van sonde. Romeine 5:8. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit die kop geleer het.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor stiltetyd, memorisering, Bybelstudie en hierdie opdrag.